# Die Matie

TWEEWEEKLIKSE STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT
UITGEGEE ONDER BESKERMING VAN DIE SR
SPESIALE INTERVARSITY-UITGAWE

Jaargang XXIX, Nr. 7, GRATIS

SATERDAG, 3 Mei 1975


# TUKS WIL WEEREENS PROBEER

## Reg?

VANDAG kom die Universiteite van Pretoria en Stellenbosch op Nuweland voor 'n verwagte skare van 45 000 mense teen mekaar te staan in die derde van 'n reeks van vier wedstryde tussen die twee universiteite. Die eerste botsing in 1973 is deur die Stellenbossers 14-3 gewen, terwyl die tweede gelykop geëndig het. Daar bestaan gevolglik groot belangstelling vir vandag se wedstryd, aangesien 'n oorwinning vir die Maties aan hulle die reeks sal besorg.

Daar sal vanjaar vir die eerste keer bykomstighede soos "sing-songs" en 'n sjampanjenooi wees, en by beide universiteite bestaan daar ongekende belangstelling in hierdie nuwe nie-amptelike intervarsity.



LINKS: *Fanie van der Linde, hoof-dirigent van Stellenbosch.*

Vanoggend reeds sal die groot uittog na Nuweland begin. Alhoewel heelwat mense waarskynlik per motor sal gaan, is daar ook twee spesiale direkte treine tussen Stellenbosch en Nuweland gereël, wat sowat 1 500 toeskouers kan vervoer. Die treine vertrek vanoggend om 10.17 vm en 11.02 vm vanaf Stellenbosch, en keer na afloop van die wedstryd om 5.56 nm en 6.30 nm terug. 'n Retoerkaartjie kos R1.50 en die orige kaartjies kan nog vanoggend by die stasie gekoop word.

### IN EEN BLOK

By verre die meeste studente se sitplekkaartjies is in een blok op die oop noordelike pawiljoen. Die Matie-dirigent het gister ook 'n beroep gedoen op die rugbyspelers op die pawiljoen om deel te neem aan die "sing-songs". Elkeen is by ontvangs van sy kaartjie ook van 'n "sing-song"-boekie voorsien.



*DIE VYFTIENTAL Maties wat vanmiddag teen Wynand Claassen se Tukkies op die veld sal draf, afgeneem voor die aanvang van hulle laaste oefening Donderdagmiddag op Coetzenburg. Voor sit (v.l.n.r.) Alan Read, Leam Oosthuizen, Dawie Snyman (kaptein), Willem Deacon, Robbie Blair en Kerrie Goosen. Agter staan Johan Schuster, Pierre Goosen, Piet du Plessis, Boland Coetzee (onder-kaptein), Hennie Bekker, Charl Joubert, Henry Muller, Peet le Roux (gebukkend) en Mervin Sinclair.*

In teenstelling met die tradisionele intervarsities tussen die Maties en die Ikeys, het die Tukkie – en Matie-dirigente onderling ooreengekom om slegs om die beurt te sing. Hiermee wil hulle verhoed dat die twee groepe mekaar probeer "dood sing", soos wat vroeër jare wel die geval was.

### WIE GAAN WEN?

Ongelukkig vir die Matie-ondersteuners lyk dit egter asof die Tukkies die gunstelinge is om die wedstryd te wen. Op bl 4 van hierdie uitgawe verskyn die menings van drie bekende sportskrywers, en dit lyk asof al drie hulle geld op die besoekers sal verwed.

Volgens A.C. Parker, sportredakteur van die *Argus*, gaan die Tukkies vanmiddag as die gunstelinge op die veld draf. Volgens hom het hulle nie net 'n goed gebalanseerde span nie, maar spog hulle tot dusver vanjaar met 'n beter lys vertonings as die Maties.

Quintus van Rooyen van die *Beeld* en self 'n oud-Tukkie, meen dat 'n uitslag moeilik is om te voorspel maar laat tog duidelik blyk dat sy ou alma mater volgens hom oor die sterkste span beskik. Hy baseer sy optimisme veral op die feit dat hulle vanjaar oor 'n agterlyn met slaankrag beskik wat beslis moeilik gekeer gaan word.

# *GEHEIME WAPEN*

ALHOEWEL heelparty van die kenners landswyd die Tukkies vandag as die gunstelinge beskou, het hulle blykbaar nie met die Maties se geheime wapen rekening gehou nie. Die Maties beskik immers vanjaar oor 'n *Besem* waarmee die Tukkies met 'n enkele beweging van die veld gevee kan word.

*Die Besem* is die Universiteit van Stellenbosch se Intervarsityblad wat vroeër elke tweede jaar die lig gesien het wanneer die Maties teen die Ikeys op Coetzenburg kragte gemeet het. Met die tydelike verdwyning van hierdie tradisionele intervarsity is *Die Besem* ook begrawe, maar vanjaar is dit weer uit die graf opgediep, die hare blink en reguit gemaak, en tot die beskikking van Dawie Snyman en sy veertien makkers gestel.

### AAN DOK

Die blad is opgedra aan dr. Danie Craven, deels omdat vanjaar sy laaste jaar is as hoof van die Departement van Liggaamlike Opvoeding, maar ook vanweë die groot bydrae wat hy reeds in die verlede tot rugby op Stellenbosch gelewer het.

Die blad bestaan uit 'n verskeidenheid van interessante leesstof. Daar is byvoorbeeld 'n magdom grappe wat enige Matie se lagspiere sal prikkel. (In 'n onderhoud met *Die Matie* het die redakteur alle Tukkies afgeraai om die blad te lees, aangesien dit hulle, volgens hom, selfs nog méér teneergedruk sal laat.)

In 'n paar uitstekende sketse gee drie bekende spotprentkunstenaars hulle voorspelling van die wedstryd, terwyl 'n sterrewiggelaar op ietwat meer professionele wyse vir die Tukkies hulle skynbare donder toekoms uitspel.

Daarbenewens is daar fotos van die skoonstes onder die skones op die Akker wat alle mans (volgens die redakteur, selfs Tukkies) se oë sal streel.

Daar is 7 000 eksemplare van *Die Besem* gedruk, waarvan heelparty by die veld self verkoop sal word teen 40c stuk.

## Bedien



*LINKS: ELNA BURGER is die sjampanjenooi vir vandag se intervarsity teen Tuks. Net na die hoofvoorwedstryd tussen die Viktoriane en Rhodes, om 3.15 nm, sal sy die twee dirigente met sjampanje bedien. Daarna sal ook die twee universiteits liedere gesing word.*

# *Party sien rugby as 'n blote bysaak . . .*

ONDERVINDING het reeds geleer dat rugbykenners en koerantskrywers dikwels met hulle voorspellings die bal heeltemal mis slaan. *Die Matie* het vandeesweek op die kampus uitgegaan om die deursnee student te pols oor sy siening van vandag se intervarsity.

Dit het spoedig duidelik geword dat 'n groot aantal Maties die wedstryd sélf beslis nie juis as 'n essentiële deel van Intervarsity beskou nie. "Ek wens daar was elke week 'n intervarsity", was die veelseggende opmerking van een, terwyl hy Tollies met 'n vonkel in die oog binnegestap het.

### GEEN ENSIKOPEDIË

Ook by die meisies is 'n ontstellende gebrek aan kennis oor die spel self te bespeur. Dit was duidelik dat dit vir die meeste véél belangriker is saam met watter (geregistreerde) rugbyspeler hulle gaan, as watter span nou juis gaan wen. Meer as helfte van hulle het egter geweet dat Stellenbosch nie meer teen die Ikeys speel nie, maar wel teen die Tukkies.

Tog was daar diegene wat menings wou waag oor die Maties se kanse op die veld. Die menings was heel uiteenlopend, maar die swartgalligste was dié van die rugbyspeler wat te laat registreer het om vir twee kaartjies te kwalifiseer. Na ernstige oorweging het hy gesê: "Ek dink dat as die Maties net nie té moeg word van verdedig nie, veral wanneer die Tukkies begin hardloop, hulle die telling redelik laag sal kan hou."

### BEURT VERKLAAR

'n Effens meer optimistiese Matie het egter ietwat van hom verskil en teruggekap: "As Stellenbosch se voorspelers net die bal kan wen, kan Dawie gerus maar rustyd verklaar."

Sommige studente is egter duidelik bitter oor die kaartjie-skaarste. Die meeste van die negatiewe antwoorde wat *Die Matie* van hierdie ontevredenes ontvang het, kom daarop neer dat "die rugbymense maar die kaartjies in hulle sak (en elders) kan steek."

Toe aan een van hulle gevra is hoekom hy dan nie gaan staan nie, het hy ernstig geantwoord: "Die ou probleempie is nou net dat selfs 'n kragreus soos ek of Atlas effens moeg sal raak as my meisie (wat baie kort is) drie uur lank op my skouers moet sit".



*LINKS: DR. CRAVEN verduidelik 'n beweging aan die Matie-voorhoede. Die spelers is Henry Muller, Charl Joubert (met rug na kamera), Piet du Plessis en Boland Coetzee.*



*REGS: 'N PAAR spelers warm op voordat die oefening in alle erns begin. Op die voorgrond lê een van die "berugte" klippe wat agter die kop gehou moet word wanneer hulle "sit-ups" doen.*



*REGS: ROBBIE BLAIR, losskakel, word hier pragtig laaggevat tydens 'n oefening. Robbie moes verlede Saterdag vir die tweede span diens doen, maar is vandeesweek nadergeroep vir die groot wedstryd.*

*Hierdie uitgawe is behartig deur die Sportredakteur, Jan du Plessis.*



*LINKS: LEON OOSTHUIZEN, Stellenbosch se haastige regtervleuel, probeer verby sy teenstander kom, terwyl hy die bal stewig onder die regterarm vasklou.*



*BO: WOENSDAGMIDDAG het mnr. Katzennellenbogen, bekende WP-skeidsregter, vir dr. Craven kom help met sy voorbereiding van sy span. Op die foto staan hy met sy rug na die kamera.*



*BO:DIE KLUBSPELERS besig om los te maak vir die eerste oefening vandeesweek.*



*REGS: NÓG Dok Craven, nóg Trompie van Rensburg, vleuel van die Victoriane, lyk baie gelukkig as Dok 'n man aanspreek.*

**KITARE**
**GRATIS KITAARLESSE**
Met elke kitaar by ons gekoop, gee ons gratis lesse vir beginners volgens die welbekende „pointer system"-selfleerkursus. Ons spesialiseer in kitare. Kom kyk na ons voorraad; meer as 50 om van te kies.
Klavier- en Orrelspesialiste. Alle musiekinstrumente.
**W. HEUER (EDMS.) BPK.**
Birdstraat 114 Stellenbosch Tel. 3811
(Langs Stellenbosch Motors)

# Wedstrydprogram

| Viktoriane | | Rhodes |
|---|---|---|
| C. Nel | elagter | R. Burmeister |
| F. Wahl | euel | M. van Zÿl |
| J. Ellis | nter | R. Edkins |
| G. Catherine (o/k) | nter | G. Murray |
| P. van Rensburg | euel | M. Saad |
| D. Goosen | sskakel | R. Kernick |
| D. Serfontein | rumskakel | K. Ball |
| P. Salkinder | ut | M. Kleineberg |
| C. Terblanche | ker | A. Weakley |
| I. Mocke | ut | D. Shaw |
| H. du Toit | ank | K. Hulley |
| P. Bergh | ot | D. Barter |
| W. Hugo | ot | G. Bell |
| L. Botha (k) | ank | M. Rowles |
| P. Theron | steman | C. Porter |
| T. Clarke | serwes | P. Wilson |
| A. Botha | | N. Locke |

Hierdie wedstryd begi 45 nm.
Die skeidsregter is m ve
Strydom (OVS).

| MATIES | | TUKS |
|---|---|---|
| D. Snyman (k) | elagter | T. Roux |
| A. Read | euel | J. Seeliger |
| P. Goosen | nter | C. Wagenaar |
| D.P. Goosen | nter | J. Snyman |
| L. Oosthuizen | euel | M. Raath |
| R. Blair | sskakel | G. Abernethy |
| W. Deacon | rumskakel | T. du Plessis |
| C. Joubert | ut | D. du Plessis |
| J. Schuster | ker | F. Ferreira |
| P. le Roux | ut | J. Adler |
| J. Coetzee (o/k) | ank | C. Faure |
| H. Bekker | ot | L. Moolman |
| P. du Plessis | ot | T. Barnard |
| M. Sinclair | ank | A. Otto |
| H. Muller | steman | W. Claassen (k) |
| C. Terblanche | serwes | F. de Villiers |
| J. Ellis | | B. Morkel |

Die wedstryd begin o m.
Die skeidsregter is m obbertse
(O. Tvl).




Deur J PLESSIS

VANMIDDAG vind die langverwagte botsing die Maties en die Tukkies op Nuweland plaas. 'n Vooruitskouing van die wedstryd en 'n be van die onderskeie spanne se wenkanse deur drie bekende sportskrywers kan u vind op bl. 4 rdie uitgawe. Wat my aanbetref is vanmiddag se wedstryd egter nie soseer 'n kragmeting tussen an Suid-Afrika se voorste klubspanne nie, maar 'n persoonlike toets vir dr. Danie Craven as afrigter rtsielkundige.

In 1973 het selfs die mees lojale Matieondersteuners hul span slegs 'n geringe wenkans gegun. Danksy veral dr. Craven se inspirasie het die veelgeroemde Tukkiespan egter teen vyftien besielde Maties te staan gekom en is hulle met die kous oor die kop terug na die Noorde.

## GELUK

Verlede jaar was dr. Craven egter in Australië en was die Maties (die gunstelinge) gelukkig om 'n gelykopuitslag te verkry.

**En wat gaan vanjaar gebeur?**

**Die Maties het die afgelope ruk uiters teleurstellend vertoon in die WP se Stadsbekerliga. Daar was tot verlede Saterdag só min vuur in die manne dat die Tukkies na my mening beslis die gunstelinge is. Tog kom die vraag by 'n mens op: Kan dr. Craven dit miskien weer doen?**

Ek het die Oubaas se oefenmetodes en sielkundige benadering tot die wedstryd die laaste ruk met groot belangstelling gevolg. (Op meegaande twee bladsye word probeer om 'n beeld te gee van die Maties se voorbereiding in hierdie tyd.)

In die voorlaaste week voor die wedstryd is sy pogings om sy span reg te ruk erg belemmer deur die afwesigheid van die WP-spelers. Op daardie stadium was lute belangeloos- heid en apa ee die Maties die spel benader r skrikwekkend. Meer as een et laat blyk dat hulle hulself kans gun om die intervarsity nie. 'n Gees van lusteloosheid die manne gekleef.

Nou sou verwag dat Dok juis in hierdie ootse poging sou aanwend om inspireer. Maar helaas: By k se spanpraatjie voor die we n Tuine het hy byvoorbeeld s 'n woord gesê. Blykbaar het elfte van die span nie eers lus m te speel nie, vanweë teleu n 'n man wie se merkwaardige dige benadering tot rugby wêreldwye roem besorg het.

ANG

Oënskynlik nr. Rugby alle belangstelling el verloor!

En juis hi moontlikheid het my moed ge dag se wedstryd en oortuig d it deel vorm van Dok se stra lyk my hy het besluit om in n die span lank voor die tyd or te berei sodat hulle vanmid en reeds suf sou wees, liewer kwessie van vier dae die man pireer om hulle harte uit te sp

**Dit was interessant dat dr. Craven nie een keer die afgelope twee weke die woord Tukkie by 'n oefening gebruik het nie. Hy hou steeds vol dat vandag se wedstryd maar net nog 'n wedstryd is! En oënskynlik het hy dit ook as sodanig benader..**

## ANDERS

**Skielik was daar by Woensdagmiddag se oefening egter 'n ander atmosfeer in die lug. Vir die eerste keer kon 'n mens sommer aanvoel: Hierdie Matiespan wil wen! Skielik was daar 'n dringendheid in die manier waarop Dok en sy manne alles op die veld gedoen het.**

Terwyl Dok by al die oefeninge tot Maandag nog van die kantlyn af op die spelers geskree het en hulle sonder aansiens des persoons uitgevreet het oor elke fout wat begaan is, het hy skielik begin stilbly. Wanneer iets iewers geskort het, het hy rustig nader gestap, gewys op die fout en dit probeer regstel. Skielik was Dok nie langer 'n buitestaander op die kantlyn nie, maar in die hart van 'n Matiespan wat die Tukkies oor vier dae op Nuweland moes klop

En dit het my moed gegee vir vandag. Miskien kan die Maties die Tukkies nie klop nie. Die vraag is egter: Kan dr. Craven dit nie dalk doen nie?



*Op die foto regs kan duidelik gesien word waarom die Tukkie – voorhoede so 'n bedreiging vir die Matie inhou. Die spelers op die foto is (v.l.n.r.) Kaptein Wynand Claassen (agsteman), André Otto (flank), Tommy du Plessis (skrumskakel) en Fief Ferreira (haker). Die Tukkies het Donderdagaand hulle oefening gehad en gistermiddag op die D.F. Malan-lughawe geland. Hulle is duidelik vasberade om met die derde probeerslag te slaag.*





*REGS: HIERDIE toneeltjie dateer uit verlede week se kluboefening. Daar is herhaaldelik gebruik gemaak van die "rekstok" vir arm- en maagspieroefeninge. Verskeie van die spelers het na afloop van die oefening die uitputting duidelik gewys.*

*BO: DIE EERSTESPAN en die Vics het vandeesweek nogal heelwat wedstrydoefening gehad. Eers Woensdag het die Eerstespan nu iets begin lyk.*



*ONDER: IN 'n poging om 'n opinie uit die perd se bek te kry, het* **Die Matie,** *die kaptein van Tuks se span, Wynand Claassen, verlede week in Pretoria gekontak. Ons het 'n besonder bot man aangetref.*

*Al wat hy gesê het, is dat sy span reg is en hul selfs vir nat weer voorberei het. Hy wou hom geensins aan 'n voorspelling oor die uitslag bind nie.*

*Op ander vrae het hy ook heeltemal negatief gereageer. Toe aan hom gevra is of hulle enige besondere troefkaarte in hul span het, het hy net gesê: "julle ken mos ons span, ons speel maar net die 'game' ". Verder wou hy nie uitbrei nie.*

*Hy het dit wel duidelik gestel dat sy span van Maandag tot Woensdag baie suksesvolle spanoefeninge gehad het. Volgens hom het hulle hul glad nie voorberei op enige Matietaktiek nie aangesien hul nie geweet het wie vir die Maties sou speel nie.*





*BO: JOHAN SCHUSTER (haker) en Charl Joubert (stut) maak gereed om te sak vir 'n skrum, terwyl Boland Coetzee (onder-kaptein van die Maties) toekyk.*

*LINKS: WILLOW DEACON, nuwe skrumskakel van die Maties maak gereed om sy agterlyn te voer. Toe die Maties se gereelde skrumskakel, Cassie Wait, onlangs beseer is, was almal baie bekommerd oor hierdie leemte in die span, maar in Willow het die Maties beslis 'n goeie opvolger gekry.*



**MATIE-MEISIES HOU VAN BLOMMETAAL!**
**VELDFLORA**
32 Van Ryneveldstr. 32
Tel. 3963 STELLENBOSCH Na ure 5180

# BEWARE OF CRAVEN, Bulle TUKKIE

By NEVILLE LECK of the *Cape Times*

A WEEK ago Dr Danie Craven, the "Mr Rugby" of Stellenbosch and the World, told me: "We haven't got a chance of winning this one. This time the odds are too heavily stacked against us."

I did not believe a word of it.

The master coach certainly had his problems. His Maties invincible just over a month ago when they beat the likes of Pretoria Police, Diggers and Durban Collegians to win the first-ever national club championship, have inexplicably stumbled into what is probably their worst start in memory to a Western Province club championship.

First they had crashed to Police, then their own Victorians had beaten



NEVILLE LECK

them and finally Union-Milnerton had drawn with them.

And to make matters worse, Springbok Morné du Plessis, their skipper, lineout and link-man extraordinary, had left them for Villagers and king-pin Cassie Waite along with Jannie Brink, Deon van Wyk and At van der Merwe were all sidelined with injury.

Just to aggravate the situation even further, Dr Craven was sitting with his hands tied when he spoke to me, unable to do very much about finding a remedy to the mysterious Matie affliction because the nucleus of his intervarsity force was committed last week to the Western Province build-up for the Ellis Park confrontation against Transvaal.

For this reason, sheer frustration may well have been the cause of Dr Craven's apparent pessimism, but I think not. He may be pragmatic, but he is also a fighter, perhaps the fighter of all fighters. He is also a very shrewd psychologist.

I would say his pessimism was deliberately created for Tukkie ears. Maybe even for Matie ears too.

If there is some complacency in the Tukkie ranks and a touch of angry determination in the Matie camp when the two antagonists run onto the field at Newlands today for their annual intervarsity battle, I would say it was just what the doctor ordered.

As things are, Wynand Claassen's Tukkies must be the favourites tomorrow.

### FORMIDABLE

Up front they have some formidable possession-getters in locks Louis Moolman and Tiny Barnard, a powerful and experienced tight-head prop in Daan du Plessis and a mobile and aggressive number eight in Claassen.

Behind the scrum they have plenty of fire power in canny Springbok fullback Tonie Roux, who knows when and how to make an overlap, Jackie Snyman, who has the speed to cut a line and the boot to kick goals, and Grant Abernethy, a flyhalf who can break, pass and kick.

And while Stellenbosch have been stuttering and spluttering along in the Western Province in recent weeks, they have been going great guns in the north.

But I for one am not going to write off the Maties.

Not while they field backs with the match-winning ability of Dawie Snyman, the speed of Leon Oosthuizen and Pierre Goosen, the strength of Alan Read and the potential of Robbie Blair.

Not while they field forwards with the heart of Boland Coetzee, the size of Hennie Bekker, the drive of Peet le Roux and the busy-bee aggression of Johan Schuster.

### CRAVEN

And certainly not while they are coached by Danie Craven.

If anyone can pick up the pieces and put them all together in less than a week, if anyone can use wounded pride as a weapon and turn losers into winners, it's the "Doc". Just you wait and see!



*DIE rugbyspan van die Tukkies wat vandag teen die Maties speel. V.l.n.r. is AGTER: Christo Wagenaar, Tonie Roux, Tiny Barnard, Johan Adlem, Jock Seeliger, François van der Merwe (reserwe). MIDDEL: Fif Ferreira, Wynand Claassen (Kaptein), Grant Abernethy, André Otto, Marcel Raath, Daan du Plessis. VOOR: Bruwer Morkel (reserwe), Tommy du Plessis, Louis Moolman, Chris Faure en Jackie Snyman.*

*(Foto: Die Burger.)*

# Nuwe Tukkie - agterlyn Gaan Maties Ontnugter

Deur QUINTUS VAN ROOYEN van *Beeld*

TOE die Maties en die Tukkies 'n paar jaar gelede hul tradisionele intervarsities teen die Ikeys en die Witsies onderskeidelik weens politieke redes moes prysgee, was dit 'n groot terugslag vir studentesport en ook vir rugby. Maar hieruit is iets groters gebore – die intervarsity tussen die Maties en die Tukkies.

Die pawiljoenpret van die ou intervarsities sal miskien ontbreek wanneer die Tukkies en die Maties op Nuweland opdraf, maar as rugby-skouspel oortref die belangstelling in die wedstryd – en ook in die van die vorige twee jaar – die ou intervarsities.

### STERKSTE

**Dit is die twee sterkste studenterugbyklubs in die land en albei is tiperend van twee rugby-filisofië. Die Maties van die Suide met sy klem op hardlooprugby teenoor die Tukkies van die Noorde en veral van Noord-Transvaal, die bakermat van voorspelerspel.**

**Daar kan gesê word dat die Tukkies minder deur beserings getref is en op papier na die sterker span lyk. Maar in 1973 het die Tukkies ook na die sterker span gelyk en was hulle die gunstelinge. Dit is ou nuus hoe Slang Kritzinger hulle gepik het en die Maties met 14-3 gewen het.**

Dan is daar dr. Danie Craven. Sy blote teenwoordigheid weeg swaar in die Maties se guns.



QUINTUS VAN ROOYEN

Dan speel die Maties op sy stieftuisveld en sal hy kan staatmaak op die meerderheid van die ondersteuning. Die aanmoediging op die pawiljoen moet veral by 'n intervarsity nie gering geskat word nie – Dit is die soort ding wat die sogenaamde "underdog" homself laat oortref.

**En laat ons eerlik wees: ondanks al die beserings lyk dit nog vir my na 'n sterk vyftiental wat die Maties in die veld stoot. Hul agttal sal miskien nie die Tukkies onderkry nie, maar sal sy man kan staan.**

### NIE SO SWAK

'n Agterlyn wat spelers van die kaliber van Dawie Snyman, op heelagter, Pierre Goosen (senter), Alan Read en Leon Oosthuizen (vleuels) insluit, is myns insiens glad nie 'n swak agterlyn nie. Altans nie op die aanval nie.

**Tukkies het in die laaste dekade ontwikkel as een van die klubreuse in SA rugby – 'n klub wat sukses geproe het en daarop wil voortbou.**

Met manne soos Daan du Plessis (stut), Louis Moolman (slot), André Otto (kantman) en Wynand Claassen (agtsteman) en die feit dat hulle meer gebrei is in die harde voorspelerspel van Noord-Transvaal, laat die skaal voorlangs effens na die Tukkies swaai.

Persoonlik dink en egter dat as die Tukkies die wedstryd wen, sal hulle dit eintlik aan hul agterlyn te danke hê.

### ONTNUGTER

**Dit is 'n agterlyn wat die Maties en die agterlyn-fynproewers van die Suide lelik kan ontnugter. Kyk maar net na die name. Tonie Roux, wat die beste rugby van sy loopbaan speel en as aanvallende heelagter waarskynlik sonder weerga in SA rugby is, Jackie Snyman, 'n oud-Matie, Grant Abernethy, 'n losskakel wat ook sy rugby in die WP kom leer het, en dan miskien die groot troefkaart Tommy du Plessis, die skrumskakel.**

**Uit ondervinding het ek ook geleer dat sleutelwedstryde gewoonlik deur die uitbuiting van foute en nie sosseer deur goeie spel gewen word. Dit kan op Nuweland weer die geval wees. En dit is moontlik dat skopwerk pale toe maklik die uitslag kan bepaal.**

In Robbie Blair en Dawie Snyman het die Maties twee manne wat die skopskoen pale toe kan laat praat. In die Tukkie-kamp is daar weer Jackie Snyman, een van Suid-Afrika se voorste punte-aantekenaars, hoewel hy hierdie seisoen nie so lekker op dreef is nie.

# POWERFUL TUKKIES FAVOURED

By A.C. PARKER, Sports Editor of *The Argus*

NOBODY seems to be prepared to predict the outcome of today's Tukkies-Maties match at Newlands, and this is no surprise. The prophet in rugby football cannot expect any kudos. If he is right, it is soon forgotten and taken for granted that he should know. If wrong, he is not allowed to forget it!

To be frank, the odds do seem to be in favour of the Pretorians this time. They have a powerful, well-balanced team this year and have been winning their league games, whereas Stellenbosch – after a notable triumph in the sponsored knockout tournament in Durban at the start of the season, when they defeated Police, Diggers and Durban Collegians to win the title of Champion Club of South Africa – have fallen away.

### OFTEN BEATEN

**The Maties have since been beaten in the Town Challenge competition by Police and their second team, the Victorians, and were also held to a draw by Union-Milnerton. The deterioration has taxed the thinking powers even of the Maties' coach, Dr Danie Craven, who had to spend a vital week in Dublin attending the International Rugby Board meeting when his thoughts were with preparing his players for today's clash.**

### NOT SO WELL

My information from a reliable source, however, is that Tukkies, while winning their matches in the Carlton



A.C. PARKER

Cup competition, have not been doing so convincingly and, in fact, are not playing particularly well.

Now I am sure that both teams will be strongly motivated. Just as Dr Danie Craven is an expert at inducing the right mental frame of mind in his players, so Dr Ernst Dinkelman, the former Springbok lock and present Tukkies coach, also knows his job in this respect.

If anything, Tukkies have the greater incentive to win today – for the simple reason that since these games were resumed in 1973, the Maties have a win and a draw to their credit. I still remember how, against all expectations, Stellenbosch won handsomely at 14-3 at Coetzenburg in 1973 when a virtually unknown wing, "Slang" Kritzinger, ran in two memorable tries and deadly tackling and fiery forward play in the lose paved the way to a great victory. The Pretoria forwards had a big lead in possession from the tight, but this did not prove sufficient.

The second game, at Loftus Versfeld last year, was drawn 12-all – a game Tukkies, by all accounts, should have won because of their territorial superiority. But the Tuks fly-half, Middleton, kicked away a lot of good balls and missed an easy penalty towards the finish.

### TUKS FORWARDS

I think the Tuks forwards will again call the tune in the tight play with their solid front row and first-rate lineout forwards in Louis Moolman and Tiny Barnard, though Piet du Plessis and Hennie Bekker are no slouches in this department.

I also feel that Stellenbosch are going to miss Morné du Plessis in the loose, where Wynand Claassen's play at no. 8 could exercise an important influence.

In the former UCT fly-half, Grant Abernethy, and Tommy du Plessis the visitors could also have a pull at halfback over Robbie Blair and Willow Deacon (deputising for the injured Cassie Wait).

### SNYMANS

Dawie Snyman is a fine attacking full-back, but so is Tonie Roux, and the ex-Matie, Jackie Snyman, at centre, will also stabilise the Tuks backline. If goal-kicking is to be the decisive factor (as it well could) it will be Jackie Snyman up against Blair and Dawie Snyman.

Whatever the result, I feel it is up to these teams to play it hard but clean and set an example to the country. Piet Robbertse, the referee, has handled international matches competently and he will nip any rough stuff in the bud.

Good luck to both teams!